30/2022
menlo-insig

## LIEWE MENLO

Skoolskoene en politoer. Boeke oortrek en some insit. Huissport, laatnag huiswerksessies en kronkelende rye voor die snoepie – dit is mos tradisie – die hartklop van 'n gemeenskap, die brug tussen die verlede, hede en toekoms en 'n bril waarmee ons 'n kitskyk na toeka se dae kry.

Die Parkies het verlede week die voorreg gehad om deur die oë van pionier-Parkies wat vanjaar hulle vyf en vyftigste reünie vier na die Menlo-bodem te kyk. Hoewel die Menlo-bodem van '67 met dié van 2022 verskil, is die goue draad van tradisie steeds die sement wat die Parkies aan mekaar verbind.

Na bykans ses dekades dra ons nog altyd die Menlo-blou met trots – 'n klassieke ontwerp wat die toets van tyd deurstaan. Ons hou daagliks die vaandel hoog – 'n simbool van eensgesindheid en trots, die versekering dat ons iewers hoort. Werk aan die skoolgebou, statig en fier, word versigtig beplan om die karakter van die konstruksie te bewaar, terwyl die Menlo-mure beskermend oor elke Menloparker en die onblusbare Parkie-gees waak.

Tye verander.

Parkies kom en gaan, maar die tradisie leef voort.

Interhoër en TIHO, vierkantsopeninge, saamwerk, saamstaan en omgee – dit is die Menlo-tradisie – die hartklop van 'n skool en die pen waarmee ons daagliks aan die Menlo-verhaal skryf sodat die Parkies oor vyf en vyftig jaar hulle storie en ons *historie* ken.

Na bykans ses dekades leef die Menlo-tradisie voort en kan elke Parkie dit beaam:

Hier streef ons die hoogste na.





## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Kolossense 1:11**

"Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard."

# DAGBOEK

**21/10**
Atletiek: NWU Top 30 (Potchefstroom)
Muurbal: Stayers-toernooi (Kaapstad)

**22/10**
Koshuisdinee

**23/10**
Gholf: GNGU (PCC)

**24/10**
Graad 12-jaarafsluitingsfunksie

**8/11**
Begroting 2023:
Ouerinligtingsvergadering
(Ouditorium, 18:00)

**22/11**
Begroting 2023:
Goedkeuringsvergadering
(Ouditorium, 18:00)

## Die begrotingsproses begin! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2023-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 8 November 2022**

**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

**Dinsdag, 22 November 2022**

**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2023 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2023 deur middel van 'n stemproses goed te keur.






## Junior Afrikaans Olimpiade: Syfers vertel suksesverhaal

Afrikaans is nie 'n vakgebied wat gewoonlik met die ontleding van syfers geassosieer word nie. Die Insig kan egter nie anders nie as om die hulp van syfers (en nie woorde nie) in te roep om die sukses wat die Parkies in die Junior Afrikaans Olimpiade behaal het, te beskryf.

Statistiek is dalk juis die ontmoetingsplek van taal en syfers en daarom is dit vandeesweek gepas om die snypunt van syfers en taal van naderby te ondersoek.

### Data

* 29 junior leerders neem op 8 September aan die Junior Afrikaans Olimpiade deel.
* 6 leerders behaal top-20-posisies in Gauteng.
* 13 leerders bevind hulleself onder die land se 100 taalvaardigstes.

### Afleidings

* Nadat die Parkies se name op die Gauteng-ranglys ingevul is, is daar slegs plek vir veertien ander name.
* Die Parkies het 'n reuseaandeel in die top-100-ranglys, want 13% van die name behoort aan Menlo.



**Baie geluk aan die Parkies wat top-20-posisies in Gauteng behaal het:**

| | | |
|---|---|---|
| Erik Senekal | Gr. 8 | 2de |
| Clara Serfontein | Gr. 8 | 4de |
| Telani Jv Rensburg | Gr. 9 | 6de |
| David Kunzman | Gr. 9 | 7de |
| Skye Smit | Gr. 8 | 11de |
| Isabeau v Helsdingen | Gr. 9 | 17de |

**Baie geluk aan die Parkies wie se name onder die top-100 (nasionaal) is:**

Erik Senekal, Clara Serfontein, Telani Janse v Rensburg, David Kunzmann, Skye Smit, Isabeau van Helsdingen, Megan Johnson, Anje Verwaard, Isabella Nel, Marli Smith, Karla van Rooyen, Ryan Hill & Wihan Vermeulen.

Die syfers spreek vanself en spel slegs een woord: SUKSES.

Baie geluk aan die deelnemers asook aan die Afrikaans-onderwysers – hulle belegging in die Parkies se taalbank toon fenomenale groei!
































# AKADEMIE

## Op reis na die toekoms

Die matrieks is vandeesweek in hulle spore gestuit en tot 'n oomblik van stilsit gedwing om op hulle skoolloopbane te reflekteer. Vir twaalf jaar al trap hulle diep akademiese spore en nou staan hulle op die drumpel van 'n nuwe reis om in die spore van uitvinders, ontdekkers en entrepreneurs te volg en om nuwe spore in die grootmenswêreld uit te kerf.

Dit was vir die skool 'n voorreg om vir oulaas by die Graad 12-toekenningsaand by hierdie groep se akademiese prestasies te vertoef en terug te kyk na die landmerke tussen graad 1 en graad 12.

Baie dankie aan me. Tanya Matthysen en haar bekwame span wat aan die stuur van sake by hierdie stylvolle geleentheid met die tema, *Op 'n nuwe reis*, was en sterkte aan elke matrikulant wat gereedmaak vir hulle reis na volwassenheid.

### Hier volg 'n opsomming van die hoogtepunte van die aand:

163 leerders spog met 'n gemiddeld van 75% en meer.

### Spesiale toekennings:

| | |
|---|---|
| 100%-skoolbesoek | Lané van Wyk |
| Beste prestasie van gr. 8 – 12 | Nicola Vermeulen (96,12%) |
| Laureatus: Agt vakke | Kristen de Bruin (95,75%) |
| Laureatus: Nege vakke | Jeannedré Rosewall (96%) |
| Laureatus: Tien vakke | André Roux (76,6%) |
| Tweede hoogste prestasie (gr. 12) | Kristen de Bruin (96,14%) |
| Dux-leerder: Akademie | Jeannedré Rosewall (96,86%) |
| Dux-leerder: Veelsydigste dogter | Nicola Vermeulen |
| Dux-leerder: Veelsydigste seun | PR Human en Kristen de Bruin |

### Top-10

10. Gustav Malan, 9. Carmie du Preez, 8. Chantelle Ferreira, 6. Johan Hanekom en PR Human, 5. Albert Wilsenach, 4. Jeanne Craig, 3. Nicola Vermeulen, 2. Kristen de Bruin, 1. Jeannedré Rosewall.


# KUNS

## Menlo-balans betower

Die idee dat balans een van die sleutels tot sukses is, is so oud soos Menlo self. Drie Parkies se gebalanseerde rangskikking van verskeie kunselemente het die beoordelaars by die Creative Arts Provincial Exhibition onkant betrap en na hulle asems laat snak. Baie geluk aan Jemima Kruger, Micaela Swart en Reeze Zeuner wie se kunstalent vandeesweek by hierdie uitstalling by Laerskool Wonderboom ten toon gestel word.

### Die besonderhede is soos volg:

Jemima Kruger (Gr. 8-kunswerk: Afrika-oppervlakontwerp, Pastel), Micaela Swart (Gr. 9-kunswerk: Popkuns *hondjie,* Akriel en Reeze Zeuner (Gr 8-dansitem).







# AKADEMIE

## Kampusrooster: Hier braai ons werk!

### Teorie

Op Menlo-bodem word die gaping tussen die einde van die graad 12-sillabus en die begin van die eindeksamen met die kampusrooster oorbrug.

### Praktyk

220 matrieks daag op 'n Saterdag (!) by die skool vir 360 minute se somme op en eerskomende Saterdag maak hulle weer so. Van Maandag tot Vrydag behels die kampusrooster dat die matrieks in gewone drag skool toe kom waar hulle 'n voorsmakie van die studentelewe kry.

Na 720 minute se Wiskunde en ure se afronding in die ander vakke voorspel die Insig dat geen Menlo-matrikulant hoofbrekens in die eindeksamen sal ervaar nie.

### Resultaat

Die Insig het betroubaar van die matrieks verneem dat die kampusrooster beslis voordelig vir hulle eksamenvoorbereiding is.

Die matrieks het met 'n vonkel in die oog versoek dat woorde soos *geniet* en *pret* liefs uit die berig weggelaat word en hoewel die matrieks verkies om hulle vleis op 'n ander rooster te braai, is die kampusrooster die geselligste en leersaamste manier om matriek af te handel!

Baie dankie aan elke matrikulant en onderwyser wat hierdie gulde leergeleentheid met albei hande aangryp.

Sterkte met die voorbereiding vir die eksamen!







# GEES

## Lente met kleur en samesyn verwelkom

Op Menlo-bodem word die lente jaarliks met 'n lentetee gevier. Dit is tradisie dat hierdie geleentheid deur die voorsitter van die Matriekraad se sosiale komitee georganiseer word, terwyl die graad 9-dogters en hulle moeders as gasvrouens optree. Voordat jy verlede Saterdag, *jakaranda*, kon sê, het die gasvrouens lewe aan Danique de Souza se visie gegee en is die saal in 'n lentelushof van kleur en samesyn omskep.

Je-ani Swiegelaar, oud-Menloparker en bekende aktrise, het 'n paar wyshede gedeel en die dames met haar kwinkslae laat skaterlag. Op 'n meer ernstige noot het Je-ani vertel hoe sy balans in haar lewe handhaaf deur 'n paar praktiese wenke met die gaste te deel.

Baie dankie aan Danique de Souza (Matriekraad), me. Eldien Bisschoff en elke gasvrou wat met haar bydrae meegewerk het om die saal in 'n lentetuin te omskep.













# SWEM

## Uitnodigingsgala: Kompetisie soos water van 'n eend se rug afgeskud

Wat het die gasvryheidstudiesleerders en Menlo se swemmers in gemeen? Beide is voorslae – een agter die kospotte en een in die swembad.

Teorie en praktyk het mekaar verlede week by die Uitnodigingsgala ontmoet toe die graad 10-gasvryheidstudiesleerders, as deel van hulle PAT-taak, die ontbyt vir die gala voorberei het. Die personeel van die besoekende skole was dit eens dat hierdie leerders 'n slag met kos het en die foto's beaam dat hulle hierdie uitdaging komkommerkoel aangepak het.

Na die heerlike ontbyt is geen beampte se konsentrasie deur hongerpyne belemmer nie en het die gala volstoom voortgegaan. Ons swemmers het op die sukses in die kombuis voortgebou en hulle slag – steeds komkommerkoel – in die swembad gewys en na dese weet elke deelnemer dat dit nie net ons swembad is wat aan Olimpiese standaarde voldoen nie. Teenstanders van so ver as die Vrystaat en Noordwes het aan die gala deelgeneem en 'n voorsmakie van Menlo-talent en -gasvryheid gekry.

Baie dankie aan me. Almarie Fourie, Menlo se voorslagjuffrou, wat verseker dat alles in die kombuis klopdisselboom verloop en aan mnr. Phillip Erasmus wat verseker dat Menlo se swemmers weet hoe om golwe te maak.





Hier volg die uitslae:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Algeheel** | 1. Menlopark | 2. Northcliff | 3. Grey College | 4. Zwartkop | 5. Waterkloof |
| **Dogters** | 1. Oranje Meisies | 2. AHMP | 3. Eunice | 4. Menlopark | 5. Northcliff |
| **Seuns** | 1. Menlopark | 2. Northcliff | 3. Grey College | 4. Zwartkop | 5. Waterkloof |

**Menlo-rekords** Genna Cloete (o. 16, 100 m-vryslag) en Darno vd Merwe (o. 19, 100 m-vryslag).
**Menlo-trofeewenner** MJ Findlay (o. 16 , Senior victor ludorum).










# KRIEKET

## Menlo kraai koning in Gqberha en Grahamstad

Menlo se o. 15-krieketspelers het onlangs 'n toer onderneem om uit te vind of die spanne van Gqberha en Grahamstad net so vaardig in hulle hantering van kriekettoerusting is. Die kolf- en boulontledings wemel van allerlei prestasies en Die Insig rapporteer graag dat die o. 15's vir drie van hulle vier wedstryde aan die wenkant was. Baie geluk!



**Menlopark o. 15A vs Grey High School o. 15A**

Menlo 152/4 (Matt van der Westhuizen 41, Dian van Zyl 48)
Grey High 119 almal uit (James Bronkhorst 4/25, Jan Lourens 2/26)
Menlo wen met 33 lopies.

**Menlopark o. 15A vs Wynberg o. 15A**

Wynberg 110 almal uit (James Bronkhorst 4/29, Matt vd Westhuizen 4/19)
Menlo 77 almal uit (Dian van Zyl 19, James Bronkhorst 19)
Wynberg wen met 33 lopies.

**Menlopark o. 15A vs St. Andrews (Grahamstad) o. 15A**

Menlo 146 almal uit (Henré St. Arnaud 34, Owen Louwies 28)
St. Andrews 71 almal uit (Matt van der Westhuizen 5/22)
Menlo wen met 75 lopies.

**Menlopark o. 15A vs SACS o. 15A**

Menlo 184 almal uit (Owen Louwies 48, James Bronkhorst 26)
SACS 129 almal uit (Tiaan Serfontein 5/28, James Bronkhorst 2/13)
Menlo wen met 55 lopies.

## T20-blitzkrieg: Menlo slaan sesse vir sewende plek

In die stryd tussen die noorde en suide het Menlo sommer korte mette van die span uit die ooste gemaak deur Hoërskool Nelspruit oortuigend te klop. Daarby is die vermoede – dat grys net 'n kleur is – bevestig, aangesien die manne van Grey met tien paaltjies teen Menlo vasgeval het, maar dit was die spanne uit die suide wat weerstand teen die kompetisie uit die noorde gebied het. Baie geluk aan die Parkies wat hulleself weereens in die T20-blitzkrieg as mokermeesters bewys het. Daarby het die boulers die teenstanders op die neuse laat kyk met hulle goël-, draai en spoedaflewerings. Baie dankie aan die manne wat aan die stuur van Menlo-krieketsake staan – julle voorbeeld inspireer.







**Menlopark 1ste XI vs St. Andrews (Grahamstad) 1ste XI**

St. Andrews 140 almal uit (Ewald Meyer 2/17, Chris Koekemoer 2/17)
Menlo 141/5 (Chris Koekemoer 44, Steve Stolk 39)
Menlo wen met 5 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI vs Nelspruit 1ste XI**

Menlo 235/4 (Steve Stolk 122, Corné Burger 70*)
Nelspruit 118 almal uit (Michael vd Westhuizen 2/19, Ewald Meyer 3/14)
Menlo wen met 117 lopies.

**Menlopark 1ste XI vs Rondebosch 1ste XI**

Menlo 153/7 (Steve Stolk 35, Lehan Kirchner 27)
Rondebosch 46/8 (Chris Koekemoer 2/15, Corné Burger 2/29)
Menlo wen met 7 lopies.

**Menlopark 1ste XI vs Paarl Boys High 1ste XI**

Menlo 163/7 (Chris Koekemoer 45, Duan St. Arnaud 42)
Boys High 164/1
Paarl Boys High wen met 9 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI vs Wynberg 1ste XI**

Menlo 188/6 (Chris Koekemoer 58, Lehan Kirchner 39)
Wynberg 189/4 (Marcus de Aguiar 3/25)
Wynberg wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI vs Grey Kollege 1ste XI**

Grey 31 almal uit (Steve Stolk 5/8, Marcus de Aguiar 3/20)
Menlo 32/0 (Duan St. Arnaud 12*, Chris Koekemoer 22*)
Menlo wen met 10 paaltjies.

# SPORT

Menlo se sportspanne het die prestasies vanjaar behoorlik laat inrol en dit was verlede week tyd om die trofeë wat die spanne gedurende die seisoen verower het, by die onderskeie toekenningsfunksies uit te deel.

Almal weet dat 'n toekenningsfunksie op Menlo-bodem 'n gesellige affêre is: Tafels word gedek om die Parkies se prestasies te vier, terwyl die ouers hartlik saamkuier.

Die Insig lewer vandeesweek graag verslag oor die hoogtepunte van die onderskeie funksies.











## Netbal

### Juniors

| | |
|---|---|
| Beste aanvallende speler | Lente Kroukamp |
| Beste verdedigende speler | Lua Neeb |
| Beste senterbaanspeler | Lené Roos |

### Seniors

| | |
|---|---|
| Beste aanvallende speler | Karla Roets |
| Beste verdedigende speler | Luca Keun |
| Beste senterbaanspeler | Megan Erasmus |
| Beste kaptein | Anja van den Heever |

## Hokkie: dogters



### Juniors

| | |
|---|---|
| Beste verdediger | Zoë Badenhorst |
| Beste doelwagter | Annika Kloppers |
| Beste voor- en middelveldspeler | Katelynn Blokpoel |

### Seniors





| | |
|---|---|
| Beste verdediger | Nicola Steidler |
| Beste voor- en middelveldspeler | Anja Tromp |
| Mees belowende speler | Anika Diemont |
| Mees toegewyde speler | Louise Pont |
| Spelers se speler vd jaar | Anja Tromp |
| Doelwagter vd jaar | Marli van Rensburg |
| Hokkiepersoonlikheid vd jaar | Elaine Louw |
| Mees uitsonderlike prestasie | Anja Tromp |
| Speler van die jaar | Anja Tromp & Louise Pont |

## Hokkie: seuns



### Juniors

| | |
|---|---|
| Beste doelwagter | Brian Makamu |
| Beste verdediger | Ruben Nel |
| Beste voor- en middelveldspeler | Jan Lourens |

### Seniors



| | |
|---|---|
| Mees belowende speler | Ben Strydom |
| Beste verdediger | Corné Burger |
| Beste voor- en middelveldspeler | Ian Smith |
| Mees toegewyde speler | Anrich Becker |
| Spelers se speler vd jaar | Corné Burger |
| Doelwagter vd jaar | Ivan Ramushu |
| Hokkiepersoonlikheid vd jaar | Kristihan Brits |
| Speler van die jaar | Corné Burger |














# Atletiek en landloop

## Atletiek

### Beste ontwikkeling

| | |
|---|---|
| O. 14 | Izel de Beer & CJ Swanepoel |
| O. 15 | Mika Loots & Nicolas Nieman |
| O. 16 | Mart-Marie Jordaan & Johann Roelofse |
| O. 17 | Tahila Viljoen & Tinus Pretorius |
| O. 19 | Wilmari Calitz & Danie Cornelissen |

### Victrix ludorum

Jasmen Pienaar (junior)
Colene Scheepers (senior)

### Victor ludorum

Danté Raath (junior)
Niel van der Merwe (senior)

### Atlete vd jaar

**Juniors**
Jasmen Pienaar
Aidan Erasmus

**Seniors**
Colene Scheepers,
Aiden Smith
Niel vd Merwe

### Menlo-amabassadeur

Lesedi Khunou

## Landloop

### Beste ontwikkeling

**Juniors**
Kaitlyn van Rooyen
Leon Stoltz

**Seniors**
Mart-Marie Jordaan
Ricus Bouwer

### Beste atlete

**Juniors**
Kaitlyn van Rooyen
Danté Raath

**Seniors**
Mart-Marie Jordaan
Chloë Pienaar
Johann Roelofse

### Beste 10 km-atlete

Chloë Pienaar
Niel van der Merwe

### Baie dankie aan die onderskeie organiseerders

Me. Hanlie de Jongh (netbal), me. Jenni-lee Delport (netbal), mnr. Warren Sangster (hokkie), me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith (atletiek en landloop).

# ATLETIEK

## Tien-uit-tien-span maak dit vyf in 'n ry by top-20-byeenkoms

Vir die afgelope vier jaar het die mededingers nie raad met Menlo se atlete nie en vanjaar was geen uitsondering nie. Menlo se top-20-span het sirkels om die mededingers gehardloop en aardskuddende prestasies by die top-20-byeenkoms gelewer.

Die uitslae is soos volg:

### Algeheel



1. Menlo  2. Prestige College  3. Noordheuwel  4. Helpmekaar  5. Zwartkop


### Dogters: Tien beste prestasies

1. Christé Loedolff (Diskus, o. 15); 2. Cellonika vd Berg (Gewigstoot, o. 16); 3. Megan Nieman (90 m-hekkies, o. 13); 4. Cellonika vd Berg (Diskus, o. 16); 5. Lu Chelle Breedt (400 m-hekkies, o. 16); 6. Elmé du Plessis (90 m-hekkies, o. 14); 7. Colene Scheepers (200 m; o. 16); 8. Erasel Boer (100 m-hekkies, o. 17); 9. Christé Loedolff (Gewigstoot, o. 15); 10. Mika Loots (800 m, o. 15).

### Seuns: Tien beste prestasies

1. Aidan Erasmus (Gewigstoot, o. 15); 2. Aiden Smith (Gewigstoot, o. 19); 3. Aidan Erasmus (Diskus, o. 15); 4. Leo van Wyk (Gewigstoot, o. 15); 5. CJ Swanepoel (Diskus, o. 14); 6. Werner Bezuidenhout (110 m-hekkies, o. 16); 7. Johann Roelofse (3 000 m, o. 16); 8. CJ Swanepoel (Gewigstoot, o. 14); 9. Aiden Smith (Diskus, o. 19); 10. Danté Raath (1 500 m, o. 15).










# GHOLF



## Menlo-duo verwerf provinsiale kleure

| | |
|---|---|
| 1867 | Die eerste gholfklub vir vroue, die St. Andrews Ladies Putting Club, is gestig. |
| 1893 | Isette Miller ontwikkel die voorgeestelsel. |
| 1933 | Gloria Minoprino verrig baanbrekerswerk deur die eerste vrou te word wat 'n langbroek op die gholfbaan dra. |
| 1990 | Juli Inkster word die eerste vrou om die Invitational Pro Am by Pebble Beach te wen. |
| 2022 | Twee Parkies, Daniëlle Meiring en Wilna Beetge, verwerf provinsiale kleure en baan die weg vir ander spelers om die hoogste sport te bereik. |
| 2022– | Die toekoms is blink, blink, blink! Veral op Menlo-gholfbodem. |

Baie geluk aan Daniëlle, Wilna en mnr. Nico van Eeden. Die Insig voorspel dat 2022 die begin van vele hoogtepunte in die twee talentvolle dogters se gholfloopbane is.


## Visie word werklikheid op Leopard Creek

Pharos se woordeboek vertaal die Engelse woord, *creek*, na kreek, inham, bog, baaitjie en spruitjie, maar wat Menlo-gholf vandeesweek vermag het, kan nie met 'n verkleiningsvorm verduidelik word nie, want om 'n gholftoernooi op die veelbesproke Leopard Creek-baan aan te bied, getuig van buitengewone visie, ongekende toewyding en harde werk. Baie dankie aan almal wat gehelp het om hierdie visie in werklikheid te verander.

Die eerste Prestige Interskole Toernooi het vandeesweek plaasgevind en dit is hier waar die spelers van Menlo, Helpmekaar en Transvalia 'n voorsmakie van gholf op die hoogste vlak gekry het, terwyl spel uit die boonste rakke opgedis is.


Na ses en dertig gate in die snikhete Afrikason en 'n ontmoeting of twee met lede van die groot vyf het die telkaart getoon dat Menlo se eerstespan 'n kort kop na Helpmekaar geëindig het, terwyl Menlo 2 derde was.


Baie geluk aan die Menlo-gholfakademie met die najaag van 'n besonderse droom. Julle visie inspireer.













## Een uit 'n duisend en tien uit tien!

Sestien skole. Vier en tagtig entrepreneurs en een wenner. Kyk 'n mens na hierdie statistiek is die kans om met die prys weg te stap maar skraal, maar waar daar 'n Parkie is, is daar mos 'n weg (nee, prys).

Larissa Kamstra neem al vir etlike maande aan die *Maak my 'n miljoenêr-kompetisie* deel. Dit is hier waar sy die aandag van ervare sakepersone getrek het, hulle met haar entoesiasme oorrompel het en 'n paar uitdagings gewen het.

Met die ATKV, EDUvelopment, Atterbury, Bounce, Gazzaroo en 10/10-skoolkoerant as borge is dit duidelik dat die kompetisie die ondersteuning van 'n hele paar swaargewigte geniet.

Na maande van strategieformulering en -evaluering is Larissa as een van die top-10-finaliste gekies en is haar wenkans van een uit vier en tagtig na een uit tien vergroot! Die wenner word op 24 Oktober tydens 'n spoggeleentheid in die Atterbury Teater aangekondig en Menlo hou duim vas!

Die Insig wens vir Larissa hartlik geluk met hierdie prestasie en ons sien daarna uit om die finale uitslag te ontvang. Loer gerus na die **video's** op die **skakel** om hierdie jong entrepreneur in aksie te beleef. #Menlowins

## Buig of bars: hierdie dansers is pure goud



Charlice Gous en Lelize van der Walt is twee Parkies wat die natuurwette daagliks uitdaag, want swaartekrag bestaan nie vir hierdie talentvolle dansers nie.

*Oëverblindery* is die eerste woord waaraan 'n mens dink wanneer jy hulle in aksie sien, want om moeiteloos deur die lug te sweef (en op jou voete te land) op die punt van jou toon te tol (sonder om om te val) en jou een been gemaklik langs jou oor verby te skuur terwyl jy op een been staan, is mos onmoontlik.

Lelize en Charlice is egter voortdurend besig om die *barre* te skuif en hulleself uit te daag om hoër danshoogtes te bereik.

Hier volg 'n kort opsomming van die jaar se hoogtepunte:

### Akro-sport

Beide Charlice en Lelize neem aan die nasionale kampioenskap deel.

Charlice is 'n elite akrobaat en behaal 'n tweede plek by die SA's, terwyl Lelize 'n top-10-posisie op vlak 9 behaal.

### Danskompetisies



Charlice en Lelize neem vanjaar aan verskeie kompetisies en genres deel en kwalifiseer onder andere om aan die Rising to Fame Arts Festival in KwaZulu Natal, World Finals in Singapoer en ADA National Championships in Rhode Island (VSA) deel te neem.

Hartlik geluk aan hierdie twee Parkies wat ewe tuis in groen en goud as in Menlo-blou is.

# MARKPLEIN

## beskuit:



| | |
|---|---|
| BRAN EN MUESLI | – R90/KG |
| BUTTERMILK. | – R65/500G |
| MANGOS | – R90/500G |
| | – R180/KG |

fondse gaan vir my koor toer in 2023!

Kontak Nina van Eeden:
WhatsApp-0765459549













**Klavier te koop**

**Kontak** 079 689 7639

**Prys** R38 000



**BusinessPrint** is a state-of-the-art printing company founded on honest hard work, excellence and love for print. Situated in Silverton, Pretoria, we specialize in the printing and finishing of packaging products and commercial materials.

**BusinessPrint**
meeting expectations

**Contact Details**
318 Derdepoort Road, Silverton, Pretoria 0184
086 142 4259
012 843 7600
hello@businessprint.co.za
www.businessprint.co.za




# Queenswood Retirement Home

*Your choice for retirehood since 1974*

High quality, good value accommodation

✔ Rental Units ✔ Frail Care

**Avoid disappointment!**
Get your name on our waiting list
*It is never too soon or too late*

**Please contact us:**
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za

**Comfort. Care. Compassion.**

Celebrating 50 years of caring for the elderly 1970 - 2020

**Methodist Homes Queenswood**
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
**www.mha.co.za**

Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly

# INGE'S
## FRESH PASTA

*Price List*



**500g PASTA (VEGAN)**
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70

**500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)**
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90

**500g EGG PASTA**
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90

*We use buckwheat flour for our Gluten Free Pasta*

**ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR DELIVERY ON FRIDAY**

**INGE - 071 840 5149**

104.2 FM

# LiggieFees '22

## JAKARANDA KINDERHUIS
## CHILDREN'S HOME

## 1 - 23 DESEMBER | 18:00-22:00

VOLWASSENES-R50PP KINDERS-R30PP ONDER 3 – GRATIS

KOSSTALLETJIES DUBBEL MALLEMEULE
TERREINTREINTJIE FOTOS MET SINTERKLAAS
BINNESHUISE YSSKAATSBAAN

INGANGKAARTJIES NOU BESKIKBAAR BY

ticketpro

**JKHOME.CO.ZA/LIGGIEFEES**

TALITHA KUMISTRAAT 1, EAST LYNNE, PRETORIA